## BOEKBESPREKING

*Pretoriana,* No. 48, August, 1965.

This issue of the magazine of the Old Pretoria Society has again provided its readers with varied fare. There is a detailed account of the origins and growth of the local German school; the movement to establish it started in 1888 and it opened in December, 1899, under the shadow of war, subsequently surviving moves and other exigencies, to become the flourishing primary school of to-day with an enrolment of 366 pupils.

In other articles we are reminded of the stout-hearted Pretoria burghers who died at Spioenkop — and, at less serious level, of the traffic problems of 1901 occasioned by reckless cyclists. The illustrations in this edition are of the impressive parade on Church Square when Lord Selborne was sworn in as Governor in 1905.

A timely contribution is a plea for, and justification of the value of local history within the national setting. One hopes that teachers of history will take serious note of it. The author has added a useful section on the different types of local historical sources. Perhaps the Society will further this work by publishing a brief guide to the records that relate to Pretoria and its surroundings? Inexperienced writers, in particular, would find this a boon. The Transvaal Archives might be a suitable starting point for it houses much unpublished and unpublicised material on Pretoria that is accessible, even to the uninitiated e.g. many maps of the city and its suburbs that were compiled in the last century, photographs of persons and events that are numbered in thousands, the records of the Landdrost of the old Republic, of the commission charged with preserving "Wet en Orde" in 1899-1900, of the Military Governor, the Provost Marshal, the Intelligence Officer and other officials. To this one would add the files of the Municipility to 1930 and numerous accessions or collections of private papers.

One would certainly agree that "local history offers a vast field of research for post-graduate studies", but extend this view by saying that the doors are wide open to *all* aspirant authors whose ambitions range from the short popular article to more comprehensive studies.

A. M. Davey.

*Sturley, D. M.*: A Short History of Russia; pp. 310, maps, app. R3-25, Longmans, London, 1964.

Written by a senior history master at an English grammar school, this book is intended to meet the needs of a short course on Russian history. It is designed for "the intelligent fourteen-to-sixteen year-old and for the sixth former in search of a simple introduction".

The author devotes a hundred pages to the Soviet era between 1917 and 1962 and nearly twice as much to the preceding Tzarist era, commencing with Rurik in 862 A.D. After giving the geographical background, he presents a chronological narrative in a score of chapters, each with neat sub-divisions. At the end of each chapter, specimen questions are given, as well as guides to further reading. At the conclusion of their reading scholars are expected to be able to account for the conduct of Soviet foreign affairs from 1917 to 1939, discuss changes in Soviet domestic and foreign policy since Stalin's death and cope with other questions of a comparable degree of sophistication.

Lucidly written, this volume is a handy introduction to anyone unacquainted with the growth of the Russian Empire. It should certainly find a place in the book-stock of every high school in South Africa.

A. M. Davey.

*Punt, W. H. J.* (voorw.): The White-Walled Beauty of the Cape. 'n Keur uit foto's wat in Okt. 1963 in Kaapstad en Pretoria deur die Stigting Simon v.d. Stel uitgestal is. Titelplaat en 31 fotos. R2-50. Howard B. Timmins, Kaapstad, 1964.

In hierdie boek is dit nie die bedoeling om 'n wetenskaplike beskouing van die ou Kaaps-Hollandse boustyl te gee nie. Inteendeel. Die voorwoord is slegs kort, maar dit wys tereg daarop hoe die ou Kaapse gewelhuise 'n uiting is van die geskiedenis van die Westerse beskawing in Suid-Afrika. Hierdie boustyl was gedurig aan die invloed van opeenvolgende Europese style onderhewig. Hulle het aanvanklik nie net uit Holland gekom nie, maar ook uit Frankryk en Duitsland, en naderhand, toe Maleiers in die boubedryg gebruik is, ook uit die ooste. Dit was ook nie net beperk tot die argitektuur nie, maar is ook merkbaar aan die meubels, die silwersmedery, en ander toegepaste kunste aan die Kaap. Die oorsese invloede is met eie materiaal tog telkens op 'n eie lokale manier toegepas. Juis hierdeur word die geboue 'n tipies sigbare uiting van ons vroeë kultuur. En weer klink die baie ernstige waarskuwing dat van die 3,000 Kaaps-Hollandse huise wat 'n eeu gelede nog bestaan het, daar vandag nog slegs 300 oor is. Dit is 'n erfenis waarmee ons nie te versigtig kan wees nie!

Verdere beskouings word aan die leser se eie mening oorgelaat. Behalwe kort onderskrifte, is daar geen toeligting by die afbeeldings nie. Die fotos is nie net opvallend deurdat hulle fotografies uitstaande is en besonder goed afgedruk is nie. Ook die keuse moet as besonder geslaag beskou word. 'n Kykie op die Poort van die Kaapse Kasteel, waar juis 'n paar besoekers onderdeur stap, word gevolg deur die neutrale indruk wat die smee-yster balustrade van die katbalkon maak. Die leeukop deur Anreith volg hierop. Groot Constantia ontbreek natuurlik nie. En daarna volg 'n hele aantal skynbaar toevallige indrukke, wat saam 'n baie mooi geheel vorm: die hek van Stellenberg, Vergenoeg, Uitkyk, Navarre, Vergelegen, Bien Donné, Rhone, die kloktoring van Boschendal, Morgenster, Kromrivier, Ida's Vallei, l'Ormarins, La Provence, La Dauphine, die drosdy van Tulbagh, die brandsolder van Fort Beaufort, 'n ou vissershuisie.

Oral blink die wit mure fel in die son en word hierdie vlakke lewendig deur slagskaduwees. Ook die ou bome dra by tot die skoonheid van die geheel.

Dit blyk egter ook duidelik dat hier en daar 'n restourasie nie onvanpas sou wees nie. Maar dit moet ons aan omstandighede en aan die oordeel van die Stigting Simon v.d. Stel oorlaat, waar dit in veilige hande is.

Alles tesame is dit 'n boek wat mens rustig deurblaai en kalm van kan geniet. Dit is 'n belangrike aanwins in die reeks plaatwerke wat daar op hierdie gebied reeds bestaan. Enige toeris wat 'n paar van die ou Kaaps-Hollandse huise besoek het, sal die boek wil aanskaf. Maar vir onsself is dit ook 'n kosbare besit, waarna ons telkens op 'n rustige oomblik terug sal gryp. En dit is 'n aanmoediging vir almal om die goeie werk wat daar op die gebied van behoud van hierdie styl gedoen is, te waardeer, terwyl dit ons ook laat besef hoe bitter nodig dit is dat dit gedoen word.

Wanneer ons die aantal illustrasies en die mooi voorkoms van die boek in aanmerking neem, is die prys besonder laag. Die boek moet aanbeveel word aan enigeen wat belangstelling vir ons verlede het.

F. G. E. Nilant

*Blommaert, M. E.*: Burgerleer vir St. VII-VIII; 197 pp., R1-50, Afrikaanse Persboekhandel, 1965.

Hierdie skoolpublikasie sal allerweë verwelkom word. Burgerkunde is slegs maar 'n onderdeel van die Transvaalse st. VII en VIII-leerplan. Maar dit kry ook aandag in die ander provinsies. Die boek kan as 'n belangrike en besonder nuttige aanvulling dien by die bestaande skoolboeke. Die inhoud bevat onder andere gegewens oor die

bevolkingsamestelling van die Republiek, plaaslike, provinsiale en sentrale bestuur, finansies, regspleging, onderwys, arbeid, volkswelsyn, drankbeheer, openbare gesondheid, verdediging, vervoer, padveiligheid, spaarbewegings, monumente, die rassevraagstuk, grondbewaring, wêreldsake en die Kommunisme. Nie net 'n leerling sal baat vind by die gebruik van die boek nie, maar ook die breë publiek wat dit behoort te lees met die oog op 'n wyere kennis van hulle burgerpligte, voorregte en verantwoordelikhede. Hiermee is nog geen oordeel uitgespreek oor die juistheid of gehalte van die inhoud nie. Daaroor kan die onderwyser oordeel. Van belang is die wye greep wat die boek op die openbare bestuursinstellinge het. Die term „twee blanke *rasse*groepe" is nie korrek nie (p. 2): dit behoort taalgroepe te wees. Dit sou ook nuttig gewees het as by die afdeling oor „Immigrante" enkele statistieke gegee kon gewees het wat die toevloei in die afgelope jare kon belig.

Afgesien van gebruik in die skole, behoort elke ouer hierdie boek privaat vir sy kinders aan te koop met die oog op die inligtings- en vormingswaarde wat dit kan hê vir die ideaal van kundige en verligte burgerskap. Die opvoeding tot staatsburgerlike verantwoordelikheid is nie net die taak van die skool nie, maar veral die ouer. Die boek is in 'n bevatlike taal geskrywe en maklik toeganklik vir die kind.

F. A. van Jaarsveld.

*Moolman, H. M.*: How they hate us, 35 pp.; Voortrekkerpers, Johannesburg, 1965.

Hierdie geskrif is van belang. Dit sal elke Suid-Afrikaner die moeite loon om dit te lees. Die skrywer het 'n kort bloemlesing van uittreksels byeengebring uit die groot Verslag van die Perskommissie van kabels wat uit Suid-Afrika oorsee gestuur is. Die kabels is van „stringers" of joernaliste wat hul nuus aan die buiteland verkoop met 'n verkoopswaarde wat na aan verraad grens. Dit handel oor berigte wat die Afrikaanse politieke leiers soos dr. Malan, adv. Strydom, dr. Verwoerd en ander raak. Hierdie berigte druip van veragting, verkleinering, geringskatting en minagting van die leiers. Hulle word daardeur as onaanvaarbaar vir die Weste voorgehou. Die verbintenis met Nazisme is bewustelik hierop bereken. Verder word aangetoon hoe veragtelik en onwaardig die Afrikaners — tans weer „Boere" genoem — met vernederende en beledigende oordele aan die buiteland voorgestel word.. Hy is daardeur omskep tot 'n *odium generis humani*. Wat ons te sien kry is 'n karikatuur van die Afrikaner. Ook die staat, die polisie, die Kerk en die Afrikaner se geestesgoedere is bespotlik, belaglik en voorwerpe van veragting gemaak. Uit Suid-Afrika self is die brandstof gegooi om die vore van buitelandse veroordeling, wanbegrip en haat te voed. Groter dislojaliteit en anti-Afrikaner rassisme kan 'n mens jou kwalik voorstel. Uit die bloemlesing se oordele is dit duidelik dat die skoen aan die ander voet sit; nie die Afrikaner wat van rassisme beskuldig word is so rassisties soos beweer word nie; maar diegene wat met modder gooi is die grootste rassiste in Suid-Afrika.

F. A. van Jaarsveld.

*Pama, C.*: Lions and Virgins (*Heraldic state symbols, coats-of-arms, flags, seals and other symbols of authority in South Africa*, 1487-1962). Ed. 1,000 genommerde en getekende eksemplare, pp. 133, titelplaat en 125 afb., deels in kleur. Human en Rousseau, Kaapstad, 1965.

Dr. Pama het met sy omvangryke studies op die gebied van die heraldiek ons land reeds onskatbare dienste bewys. Sy publikasies oor die heraldiek in Suid-Afrika, simbole van die Unie, die Unievlag en Afrikaanse familiewapens word nou deur hierdie boek verder aangevul met heraldiese verskynsels in Suid-Afrika.

Die boek begin vroeg, in 1487, by die Portugese koningshuis en seevaarders. Die kruise, padraos, wat die ou Portugese op die Suid-Afrikaanse kus opgerig het, het die

wapen gedra van die koning in wie se naam so 'n ontdekkingsreis onderneem is. Sodoende vorm die vroeëre Portugese koningswapen die oudste heraldieke oorblyfsel in Suid-Afrika, ouer as waarop die Verenigde State van Amerika hom kan beroem. Die wapen van Antonio de Saldana, wat in 1503 in Tafelbaai kom, het by die opening van die militêre skool in Saldanabaai in ons eeu nog 'n bydrae gelewer tot 'n blyk van internasionale goedwilligheid tussen ons land en Portugal.

Die afsonderlike vlae van die kompanjieë, waaruit die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie bestaan het, die probleem van rooi-wit-blou en die oranje-wit-ligblou word uitvoerig bespreek, asook die herkoms van die spreuk „Eendragt maakt Magt".

Dit blyk dat die Suid-Afrikaanse leeu sowel van Holland as van Engeland afstam en dat hierdie twee elemente, aangevul met lokale invloed, tot iets baie tipies Afrikaans saamgesmelt het.

Die boek gan uitvoerig in op die belangrike rol wat Kommissaris J. A. de Mist gespeel het by die vasstelling van die wapens van Kaapstad en die vroeëre buitedistrikte. Ook in die heraldiek speel die ironie 'n rol. So wys dr. Pama op die merkwaardige verskynsel dat De Mist, die man wat in Holland 'n sterk ondersteuner is van 'n regering wat hom veral daarop toegelê het om die adellike voorregte en wapens af te skaf, hom in die Kaap juis weer so beywer het om wapens in te stel. Hieruit blyk wel hoeveel praktiese nut die wapens in die ou dae in die daaglikse lewe gehad het. 'n Ander opvallende verskynsel is dat juis die oproerige Franse Rewolusie indirek so 'n groot invloed gehad het op die wapens van die binnelandse republieke in Suid-Afrika.

'n Hele aantal probleme word uitvoerig bespreek: daar is die boom in die Vrystaatse wapen, die afkoms van die Union Jack, die diere in die Uniewapen, waarby menings van ander wetenskaplikes ook ruimskoots tot hulle reg kom. Ons kry 'n diepgaande oorsig van die tot stand kom van ons vlag, hoe die blou kraanvoël die nasionale voël van Suid-Afrika geword het en hoe tenslotte die skepter weer in gebruik gekom het. Tereg wys die skrywer nadruklik daarop, met bewyse, dat die huidige wapen van die Republiek van Suid-Afrika as 'n mooi uitgewerkte en uitgesproke nasionale en eie landswapen beskou moet word.

In die slothoofstukke word die heraldieke verskynsels in Suidwes-Afrika, Rhodesië, die Protektorate en Transkei bespreek.

Menige ander skrywer sou van hierdie veelsydige onderwerp met sy uiteenlopende gesigspunte en besonderhede, nie veel meer kon gemaak het as net 'n droë oorsigtelike opsomming nie. In die hande van dr. Pama, met sy welbekende forse en vlot skryftrant, het dit 'n fassinerende verhaal geword. Maar, grondige kenner wat hy is, het dit bowendien op 'n baie hoë wetenskaplike peil gebly. Dit blyk duidelik met hoeveel liefde vir die vak ook hierdie boek weer tot stand gekom het.

Daar is 'n uitvoerige indeks. Die afbeeldings is besonder duidelik en die kleurreproduksies laat niks te wensse oor nie. Die uitgewers het alle sorg aan die boek gegee: dit lyk netjies, daar is 'n goeie soort papier gebruik met 'n aantreklike en aangename lettertipe. Vir enigeen wat in die onderwerp belangstel, maar ook vir historiese instellings, kunsonderwys en by die geskiedkundige onderwys in die skole, is die boek 'n onmisbare gids.

F. G. E. Nilant.